# KOVSILEX

NUUSBLAD
VAN DIE FAKULTEIT
REGSGELEERDHEID,
UNIVERSITEIT VAN
DIE VRYSTAAT
NOMMER 18: 2007

NEWSLETTER
OF THE FACULTY
OF LAW,
UNIVERSITY OF THE
FREE STATE
NUMBER 18: 2007

## Judge Hefer receives prestigious award




*From left to right: Prof Hennie van Coller (Chairperson of the Academy); Judge Joos Hefer and Adv Bradley Smith (Faculty of Law, UFS)*



The South African Academy for Science and Arts recently awarded the 2006 Toon van den Heever prize to retired Judge of Appeal Joos Hefer.

Judge Hefer received the prize at an award ceremony held on 24 June 2006 on the main campus of the University of the Free State.

Die Toon van den Heeverprys, wat driejaarliks toegeken word, is aan Regter Hefer oorhandig vir sy onmeetbare bydrae tot die uitbreiding en uitbouing van Afrikaans as beide akademiese- en regstaal deur middel van sy goed na-

*"Judge Hefer receives prestigious award" continues on p. 2*

## In memoriam

Die Fakulteit het met leedwese kennis geneem van die afsterwe van mnr MC Botha, oud-student en Bloemfontein prokureur en betuig innige simpatie met sy familie en vriende.

..."Judge Hefer receives prestigious award"
continued from p. 1

nagevorste hofuitsprake en akademiese publikasies. Die Fakulteit Regsgeleerdheid (waar Regter Hefer tans 'n ereprofessor in Privaatreg is) het Regter Hefer vir die toekenning benoem.

Regter Hefer het ook 'n eretoekenning van die Fakulteit Regsgeleerdheid ontvang vir sy uitsonderlike bydrae tot die ontwikkeling van regspleging in Suid-Afrika, asook vir sy lojale volgehoue en jarelange ondersteuning van die Fakulteit.



# Prof. Dednam verwerf nasionale kleure

Prof Martin Dednam het in Desember 2006 sy nasionale (Protea) kleure verwerf as bestuurder van die Suid-Afrikaanse pluimbalspan wat in Algiers, Algerië, tydens die Afrika-kampioenskappe die goue medalje in die spankompetisie verower het.

Sy twee seuns, Chris en Roelof, het in die individuele kompetisie ook die goue medalje in die mansdubbelspel verower en Chris ook 'n bronsmedalje in die enkelspel. Chris en Roelof het ook in Julie 2007 die goue medalje in die mans dubbelspel verower tydens die Afrikaspele. Chris is tydens KovsieSport se Jaarlikse Dinee in 2006 as die UV se Sportman van die Jaar aangewys vir sy pluimbalprestasies. Die twee seuns is albei vir 2007 gekeur om vir B Rek Honneurs te studeer.



Prof Dednam is onlangs vir twee jaar aangestel as Pluimbal Suid-Afrika se Hoë-Prestasie-Bestuurder. Hy is ook oor vele jare die Voorsitter: Regs- en Grondwetsake. Beide is ere-ampte in hierdie amateursportorganisasie.

# LLD for German student



Dr Christoph Jaehne received his doctorate on 13 September 2006 at the Autumn graduation ceremony for a thesis entiteld "Legal comparison between the South African close corporation and the German 'Gesellschaft mit beschänkter Haftung'". His promoter was prof Johan Henning, dean of the Faculty of Law.

# First Chinese LLM student



Mr Meng Tau was the first student from the People's Republic of China to receive the LL.M degree at the Faculty of Law, UFS with a dissertation on the anti-dumping laws of South Africa and China. His studyleader was prof Elizabeth Snyman-Van Deventer of the Department of Mercantile Law.

# Doctorate obtained



Neels Swanepoel from the Department of Procedural Law and Law of Evidence obtained his doctorate at the University's 2006 September Graduation ceremony.

The doctorate, entitled "The emergence of a modern international criminal justice order", was completed under the guidance of Prof Carel Fick. The relevance and importance of this ground-breaking research was underscored by one of the external examiners who commented that "this work is not only timely, but even more importantly, it is the first study of its kind to come from the hand of a South African scholar and from a South African law faculty. South African legal scholars, barring a handful, have traditionally shirked the field of international law, mainly because it was perceived as too invasive and too loaded against South Africa".

Congratulations Neels – the Faculty is proud of you!

# Sentrum vir Finansiële Beplanningsreg vier vy



Van die gaste wat die Sentrum se verjaardagfunksie bygewoon het van links na regs: Naka Drotské, gasspreker, prof JV du Plessis, bestuurslid van die Sentrum, prof JJ Henning, dekaan van die Fakulteit Regsgeleerdheid aan die UV en bestuurslid, prof IDJ van de Merwe, buitengewone professor aan die Sentrum, me N Bam, adjunk FAIS Ombud, mnr L van Vuren, me P Govender, mnr J Arnesen, almal van die FPI, dr F van Zyl, van die Finansiële Dienste Raad en adv WM Oosthuizen, direkteur van die Sentrum.




Wessel gee die pas aan by die gala dinee van die FPSB Council Meeting in Hong Kong

Wessel Oosthuizen, direkteur van die Sentrum vir Finansiële Beplanningsreg is in Junie (saam met Prof. Samnuth Basu van Amerika) aangewys as mede-voorsitter van 'n Internasionale paneel. Die paneel sal die wenslikheid, inhoud en die implimentering van 'n internasionale kurrikulum vir professionele finansiële beplanners ondersoek, bespreek en finaliseer.

Die Paneel, wat uit lede bestaan van 9 van die 22 CFP® lidlande, het op 6 en 7 September in Seattle, Amerika vergader.

Wessel het ook die Amerikaanse Programdirekteurforum en "Financial Planning Association" Konferensie van 8 tot 11 September bygewoon.

## ...yfde verjaarsdag

Die Sentrum vir Finansiële Beplanningsreg aan die Fakulteit, het vanjaar sy 5de bestaansjaar en die Universiteit sy twintigste jaar van betrokkenheid by finansiële beplanningsprogramme, gevier. Hierdie mylpaal is met 'n kleurvolle en luisterryke geleentheid by die Oliewenhuis Reservoir gevier. Verskeie bekendes in regskringe en die finansiële dienstebedryf het die geleentheid bygewoon. Onder hierdie persone was me Noluntu Bam, adjunk FAIS Ombud, dr Franso van Zyl, hoof regsadviseur van die Finansiële Dienste Raad, mnr John Arnesen en me Prem Govender, onderskeidelik HUB en ondervoorsitter van die raad van die Financial Planning Institute of Southern Africa. Die bekende rugbyspeler, Naka Drotské, het as gasspreker opgetree.

Die Sentrum het sedert sy ontstaan in 2001 gegroei tot die grootste van sy soort in Suid-Afrika en bied tans ses voorgraadse modules en drie nagraadse programme in finansiële beplanning aan.

Die Sentrum was instrumenteel in die ontwikkeling van die voorgraadse regsgraad, B.Iuris met endossement: Finansiële Beplanningsreg wat vanaf 2007 aangebied word. Die oorweldigende belangstelling in hierdie nuwe program is aanduidend van die aanvraag na kwaliteit onderrig in finansiële beplanning. Beide die LL.M Finansiële Beplanningsreg en die B.Iuris graad is die eerste en enigste van hulle soort in Suid-Afrika.

Die direkteur van die Sentrum, adv Wessel Oosthuizen, is ook onlangs verkies om op die internasionale liggaam van finansiële beplanners, die Financial Planners Standards Board, se internasionale sertifiseringskomitee te dien. Die doel van die komitee is om internasionale standaarde van finansiële beplanning en die opleiding van finansiële beplanners te evalueer en te oorsien. As lid van hierdie komitee het hy onlangs na Hong Kong gereis waar die komitee vergader het.

Die Sentrum streef deurentyd daarna om aan die onderrig- en opleidingsbehoeftes van die finansiële dienste bedryf te voldoen en om hoogs bekwame finansiële beplanners op te lei.

## Bronne in die Biblioteek

Sedert Januarie 2004 het die Fakulteit Regsgeleerdheid 844 nuwe boeke ter waarde van R291 584.63 aangekoop. Daarbenewens is die biblioteek ingeteken op 114 regstydskrifte ten bedrae van R306 773.26 en 34 staande intekeninge (bv losbladpublikasies) ten bedrae van R143 033.64. Daar is tans ook 23 000 volteks elektronies tydskrifte beskikbaar. Die Biblioteek het vir 2006 nagenoeg R1 045 906.70 aan bronne vir die Fakulteit Regsgeleerdheid bestee.

Die Biblioteek- en Inligtingsdiens het toegang tot die volgende regsdatabasisse: Butterworths, HeinOnline, Index to Foreign Legal Periodicals, Index to Legal Periodicals and Books (1918-2006), IR Network, Juta Labour Library; Juta South African Criminal Law Reports, Juta South African Tax Library, Jutastat (Law reports, Statutes en Wette), LAWSA Online, LexisNexis Professional, Luthers Werke im WWW, Westlaw en CELEX. Dit is benewens ander "algemene" databasisse soos South African Studies, EBSCOHost en Kovsiedex.

Volgens Hesma van Tonder, die Fakulteit se inligtingsbeampte in die biblioteek, is kers opgesteek by internasionale regsfakulteite om die beste bronne te identifiseer sodat navorsers en studente in die Fakulteit Regsgeleerdheid van die beste bronne tot hulle beskikking het.

## Bestuur tydens dinee



*Die uitgaande bestuur van die Juridiese Vereniging tydens die Dinee van die Vereniging gehou op 26 Augustus 2006.*

# Numeracy skills of fourth year law students

In the practical training part of the subject Legal Practice 4, fourth year law students recently underwent a numeracy skills test. The test was conducted in response to allegations by the attorney's profession that LLB graduandi generally do not possess the required numeracy skills.

Students that did not obtain an average of 75% for the test are now presented with the option of attending a series of lectures in the second quarter to remedy the situation. This is a further attempt by the Faculty of Law of the University of the Free State to comply with the requirements of the legal profession for graduandi of the Faculty. The test was based on a similar test that is conducted by LEAD (Legal Education and Training) at their School for Legal Practice and their short course in practical legal training. The test is rated as being equivalent to that presently required from South African grade 10 learners.



Regter Faan Hancke, buitengewone professor in die Fakulteit Regsgeleerdheid en voorsitter van die UV Raad is met ingang van 1 Desember 2006 aangestel as waarnemende regter in die Hoogste Hof van Appèl.

# Werkswinkel oor trusts




*Die Sentrum vir Boedelbeplanningsreg en die Sentrum vir Voortgesette Regsopleiding het op 20 Oktober 2006 'n werkswinkel aangebied oor trustreg. Hierdie jaarlikse werkswinkel is aangebied deur prof Willie van der Westhuizen, buitengewone professor in die Departement Privaatreg en prokureur van George.*

# Dosente lê erekode af



*Op 18 Augsustus 2006 het dosente van die Fakulteit die dosente erekode afgelê. Voor van links na regs: prof Johan Henning (dekaan), prof Teuns Verschoor (vise-rektor), adv Bradley Smith, adv Wessel Oosthuizen Agter: adv Nico Swartz, mev Marda Horn, me Helena Roodt, me Yu-Fang Wen en me Shirley Hyland*

# Sertifikaatkursusse in Handelsreg

Die Departement Handelsreg het gedurende 2006 drie sertifikaat kursusse aangebied waarby 225 studente betrokke was. Die sertifikaat in Alternatiewe Geskilbeslegting word gedurende die eerste semester in Bloemfontein aangebied en word beperk tot 'n maksimum van 25 studente. 16 Studente het die kursus geslaag waarvan 7 met onderskeiding.

Die sertifikaat in Arbeidsreg en die Gevorderde Kursus in Arbeidsreg word in die eerste en tweede semester in Bloemfontein, Qwa Qwa en Welkom aangebied. 114 Studente het die sertifikaat in Arbeidsreg verwerf waarvan 16 die kursus met lof geslaag het. 'n Rekord van 95 studente het die Gevorderde Kursus geslaag met 17 onderskeidings in die groep.

Prof Johan Henning, die dekaan van die Fakulteit Regsgeleerdheid, het die studente tydens die Junie plegtigheid as sertifikaat alumni in die fakulteit verwelkom en hulle aangemoedig om voort te gaan met verdere studie in die fakulteit. Mnr P Motake, die waarnemende senior kommissaris en hoof van die KVBA ("CCMA") in die Vrystaat, het die sertifikate tydens die November plegtigheid oorhandig en die studente versoek om hulle kennis in hulle betrokke gemeenskappe aan te wend en uitgenooi by die werksaamhede van die KVBA ("CCMA") betrokke te raak. Hy het die fakulteit in besonder geluk gewens met die inisiatief om meer werknemers, vakbonde en werkgewers formeel te onderrig.

Vanaf 2007 word daar ook 'n Nagraadse Diploma in Arbeidsreg in die fakulteit aangebied word.

# Vertaling van ou regsbron oorhandig

Tydens 'n funksie van die Kovsie regsalumini gehou op 20 September 2006 is Nommer 40 in die *"Mededelings reeks van die Sentrum vir Ondernemingsreg"* aan die President van die Hoogste Hof van Appèl, regter CT Howie en die regter-president van die Vrystaatse Hooggeregshof, regter JP Malherbe, oorhandig. Hierdie uitgawe is getiteld "Perspectives on and a section from Felicius-Boxelius Tractatus de Societate. A treatise on the Law of Partnership". Die werk is grootliks deur prof HA (Boelie) Wessels vertaal.



*Voor Appèlregters LTC Harms en CT Howie (president van die Hoogste Hof van Appèl) en prof JJ Henning. Agter prof HA Wessels en regter-president JP Malherbe.*



*Regters van die Hoogste Hof van Appèl en die Vrystaatse Hooggeregshof wat die regsalumnifunksie bygewoon het saam met prof JJ Henning, dekaan van die Fakulteit Regsgeleerdheid.*



## Briewe / Letters

Rig u skrywe aan/
submit your letters to:
snymane.rd@ufs.ac.za